



NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD GEHOU IN DIE STADSAAL, MALMESBURY OP DONDERDAG, 28 JULIE 2022 OM 10:00

TEENWOORDIG:

Speaker, rdh M A Rangasamy
Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas
Uitvoerende Onderburgemeester, rdl J M de Beer

RAADSLEDE:

Bess, D G (DA)	Penxa, B J (ANC)
Booyesen, A M (VF+)	Pieters, C (ANC)
Daniels, C (DA)	Pypers, D C (DA)
Duda, A A (EFF)	Smit, N (DA)
Fortuin, C (ANC)	Soldaka, P E (ANC)
Le Minnie, I S (DA)	Stanley, B J (DA)
Ngozi, M (ANC)	Van Essen, T (DA)
O'Kennedy, E C (DA)	Vermeulen, G (VF)
Papier, J R (GOOD)	Warnick, A K (DA)

Beampes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Senior Bestuurder: Vaste Afval- en Handelsdienste, mnr J Venter
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Die Speaker verwelkom die Uitvoerende Burgemeester, raadsdames, raadshere, raadslede en amptenare. 'n Spesiale woord van verwelkoming word gerig aan amptenare van die Kantoor van die Interne Ouditeur en die Wetstoepassing Reaksie-eenheid.

Die Direkteur: Beskermingsdienste open die vergadering met skriflesing en gebed op die versoek van die Speaker.

Die Speaker dra sy gelukwense oor aan raadslede en amptenare wat die afgelope tyd verjaar het.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdd M van Zyl en rdl R J Jooste.

3. AFVAARDIGINGS/VERKLARINGS EN MEDEDELINGS/VOORLEGGINGS

Die Munisipale Bestuurder meld dat, met die aftrede van mnr P le Roux en onlangse aanstellings in die Afdeling: Interne Oudit, hy dit goedgevind het om die betrokke amptenare aan die Raad voor te stel, naamlik

- Die Senior Bestuurder: Interne Oudit, me J Erasmus
- Die Interne Ouditeur, mnr M Mseleni (afwesig)
- Die Intern betrokke by Risikobestuur, me T Howburg.

3.1 VOORLEGGING DEUR DIE KANTOOR VAN DIE OPENBARE BESKERMER

Die Munisipale Bestuurder bevestig dat daar 'n verskoning vanaf die Kantoor van die Openbare Beskermer ontvang is vir bywoning van die Raadsvergadering en dat die voorlegging oorstaan.

4. NOTULES VIR BEKRAGTIGING

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU 26 MEI 2022

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl E C O'Kennedy)

Dat die notule van 'n Gewone Raadsvergadering gehou op 26 Mei 2022 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

4.2 NOTULE VAN 'N SPESIALE RAADSVERGADERING GEHOU OP 15 JUNIE 2022

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl E C O'Kennedy)

Dat die notule van 'n Spesiale Raadsvergadering gerhou op 15 Junie 2022 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

5. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Uitvoerende Burgemeester se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

5.1 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU OP 19 MEI 2022 saamgelees met

NOTULES VAN PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERINGS GEHOU OP 11 MEI 2022

5.2 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU OP 15 JUNIE 2022 saamgelees met

NOTULES VAN PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERINGS GEHOU OP 8 JUNIE 2022

5.3 NOTULE VAN 'N SPESIALE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU OP 22 JUNIE 2022

6. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Munisipale Bestuurder se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

6.1 NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 17 MEI 2022

6.2 NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 7 JUNIE 2022

7./...

7. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen.

8. SAKE VIR BESPREKING

8.1 HERAANNEMING VAN DIE MUNISIPALE RUIMTELIKE ONTWIKKELINGS- RAAMWERK (ROR) (2/1/4/4/1, 15/1/4/1)

Die Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk (ROR) is op 30 Mei 2019 deur die voormalige Raad aanvaar en sedertdien is daar geen wysigings aan die ROR aangebring nie. Die ROR vorm 'n integrale deel van die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) en derhalwe is 'n opsomming daarvan vervat in die GOP soos goedgekeur deur die Raad op 26 Mei 2022.

Die Munisipale Bestuurder noem dat die GOP aan die Minister van Plaaslike Regering voorsien is en het lq. versoek dat die ROR heraangeneem word, aangesien slegs 'n opsomming daarvan in die GOP as onvoldoende beskou word.

BESLUIT

(op voorstel van rdh J H Cleophas, gesekondeer deur rdh T van Essen)

Dat die Munisipale Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk wat op 30 Mei 2019 deur die Raad aanvaar is en waarvan 'n opsomming by die huidige GOP (Hoofstuk 6, paragraaf 6.4) ingesluit is, weer deur die Raad aangeneem word.

8.2 VOORLEGGING VAN DIE 2022/2023 PRESTASIE-OOREENKOMSTE EN -PLANNE (2/4/2)

Die prestasie-ooreenkomste en -planne vir die 2022/2023 finansiële jaar is opgestel ooreenkomstig Artikel 57 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000) en dien as 'n vervangende addendum tot die aanstellingskontrakte van die Munisipale Bestuurder en direkteure.

BESLUIT

(op voorstel van rdh J H Cleophas, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat kennis geneem word van die Munisipale Bestuurder en direkteure se prestasie-ooreenkomste en -planne vir die 2020/2021 finansiële jaar.

8.3 AANVAARDING VAN DIE VERORDENING INSAKE DIE HOU VAN VERGADERINGS (1/1)

Die konsep Verordening insake die Hou van Vergaderings is op 26 Mei 2022 aan die Raad voorgelê vir doeleindes om die publieke deelnameproses te deurloop.

Daar is geen kommentaar/insette ontvang teen die sperdatum van 1 Julie 2022 nie.

Die Uitvoerende Burgemeesterskomitee het op 13 Julie 2022 die verordening oorweeg vir voorlegging aan die Raad.

Die Speaker bring die aangeleentheid tot stemming en word dit beslis met 15 stemme ten gunste van die aanvaarding van die Verordening insake die Hou van Vergaderings met die res van die raadslede wat buite stemming bly.

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl N Smit)

- (a) Dat die volgende verordening aangeneem word deur die Raad, om in werking te tree op datum van afkondiging in die Provinsiale Koerant:
 - Swartland Munisipaliteit: Verordening insake die Hou van Vergaderings
- (b) Dat boetes vir oortredings van die verordening vasgestel word deur die Departement van Justisie;

8.3/...

- (c) Dat die Reëls vir Virtuele Vergaderings wat as aanvullend tot die bestaande verordening aangeneem was, herroep word vanaf datum van afkondiging van die nuwe verordening.

8.4 KENNISNAME VAN GOEDKEURING VAN DIE ORGANISATORIESE STRUKTUUR MET INGANG VAN 1 JULIE 2022 MET IN AG NEMING VAN WYSIGINGS AAN DIE DEPARTEMENT: BESKERMINGSDIENSTE (2/6)

Artikel 66 van die Munisipale Stelsels Wysigingswet, 2011 bepaal dat die munisipale bestuurder verantwoordelik is vir die ontwikkeling van 'n organisatoriese struktuur vir goedkeuring deur die munisipale raad.

Die wysigings aan die organisatoriese struktuur met betrekking tot die Departement: Beskermingsdienste word volledig toegelig in die aanhangsels tot die verslag, soos gesirkuleer met die agenda.

Rdl B J Penxa noem dat daar opgemerk word dat die Departement: Beskermingsdienste grotendeels deur slegs een ras verteenwoordig word en dat daar 'n poging aangewend moet word om ook ander rasse te integreer.

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl B J Penxa)

Dat die Raad kennis neem van die goedkeuring van die organisatoriese struktuur deur die Munisipale Bestuurder met in ag neming van die wysigings by die Departement: Beskermingsdienste vir implementering met ingang van 1 Julie 2022.

8.5 AANSTELLING VAN LEDE OP DIE DISSIPLINÊRE RAAD (5/15/1/5)

Die Dissiplinêre Raad is ingestel as 'n onafhanklike adviserende liggaam om ingevolge die *Financial Misconduct Regulations* die Raad by te staan in ondersoeke na finansiële wangedrag.

Die Munisipale Bestuurder noem dat die verslag slegs beoog om die nuwe Interne Ouditeur op die Dissiplinêre Raad aan te stel.

BESLUIT

(op voorstel van rdl E C O'Kennedy, gesekondeer deur rdh T van Essen)

Dat paragraaf 4(3) van die *Financial Misconduct Regulations* bepaal dat die ampstermyn van lede van die Dissiplinêre Raad nie 'n termyn van drie jaar mag oorskry nie en dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee, met in ag neming van die kommetaar in paragraaf 3 van die verslag, die volgende goedkeuring verleen ten einde kontinuiteit in die bestaan van die Dissiplinêre Raad te verseker:

- (a) Die aanstelling van Me J Erasmus, Bestuurder Interne Oudit vanaf 1 Junie 2022 tot 31 Mei 2025.

8.6 KONSTRUKSIE VAN PAAIE IN CHATSWORTH: VOORGESTELDE ONTEIENING VAN GEDEELTES PRIVAATGROND VIR HOEKAFSTOMPINGS (12/2/1-2/4)

Die Munisipale Bestuurder noem dat dit nodig is om klokbekke/*bellmouths* te skep vir die konstruksie van strate in Chatsworth om sigbaarheid van verkeer te verseker. Chatsworth is by wyse van 'n Algemene Plan gevestig ingevolge die "ou" Ordinansie en was daar nie voldoende beplan vir die skep van strate nie.

Die onderskeie opsies om die grond te bekom vir die konstruksie van strate word aan die Raad voorgedra en die redes waarom onteiening oorweeg moet word. Daar is baie kostes vir die Munisipaliteit aan verbonde, bv. die verskuiwing van heinings en vorm hierdie projek deel van die beplanningfase vir die konstruksie van strate in die 2023/2024 finansiële jaar.

Besluit/...

8.6/...

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdh B J Stanley)

- (a) Dat goedkeuring verleen word vir die onteiening vir publieke doeleindes (paaie) van daardie gedeeltes privaatgrond wat as hoekafstompings benodig word vir die konstruksie van paaie in Chatsworth, ten einde die projek tydens die 2023/24 finansiële jaar te kan begin en te finaliseer, ook in ag genome die kompleksiteit, verhoogde kostes en ander implikasies verbonde aan die normale oordragproses soos toegelig in hierdie verslag;
- (b) Dat alle kostes verbonde aan die transaksies teen die siviele projek verreken sal word;
- (c) Dat die geaffekteerde partye vooraf op skrif in kennis gestel sal word van die stappe wat gedoen en die proses wat gevolg sal word;
- (d) Dat die Direkteur: Korporatiewe Dienste gemagtig word om alle dokumente wat met hierdie transaksies verband hou, te mag onderteken.

8.7 VOORGESTELDE UIT-DIE-HAND-VERVREEMDING VAN MUNISIPALE MEENTGROND (GEDEELTE RESTANT ERF 551) EN ERF 1119 TE DARLING (12/2/1-2/4)

CLB Eiendomme (Pty) Ltd is die eienaar van Erf 4373, Darling en 'n aansoek is ontvang om 'n gedeelte van Restant Erf 551, Darling en Erf 1119, Darling te bekom om met hul eiendom te konsolideer.

Die fabriek, Darling Romery, word op Erf 4373, Darling geakkommodeer en het oor die afgelope jare in so 'n mate uitgebrei dat addisionele spasie benodig word, spesifiek vir bewering van voertuie.

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdh J H Cleophas)

- (a) Dat die Raad goedkeuring verleen in terme van die toepaslike Verordening asook Artikel 14 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 dat 'n gedeelte (\pm 0.7148 ha groot) van Restant Erf 551, Darling asook Erf 1119, Darling (0.075 ha groot) uit-die-hand-uit vervreem en oorgedra word aan CLB Eiendomme (Pty) Ltd vir konsolidasie met Erf 4373, en wel ten bedrae van R157 460,00, BTW uitgesluit, onderhewig aan die voorwaardes hierin vermeld;
- (b) Dat kennis geneem word dat die tersaaklike eiendomme tans (as deel van die munisipale meentgrond) in geen stadium vir die verskaffing van 'n minimum of enige ander vlak van basiese munisipale dienste benodig was of word nie;
- (c) Dat die volgende redes genotuleer word vir die uit-die-hand vervreemding soos voormeld, sonder om 'n openbare mededingingsproses te deurloop:
 - (i) Die tersaaklike eiendomme as 'nie-bestaansbare bates' kwalifiseer deurdat dit as gevolg van fisiese beperkings nie op hul eie as afsonderlike entiteite ontwikkel kan word nie en slegs funksioneel raak indien dit vervreem word aan 'n aangrensende eienaar vir gebruik tesame met sy of haar eiendom, soos voorgestel;
 - (ii) Die voorgestelde samesmelting van die tersaaklike eiendomme met Erf 4373 en die aanwending daarvan vir kommersiële doeleindes, aansluit by Strategiese Doelwit 3 van die 2017-2022 Geïntegreerde Ontwikkelingsplan, naamlik om ekonomiese geleenthede te ontsluit, mobiliteit en ekonomiese skakels te verstewig en om die ekonomiese potensiaal van Swartland-wyke (in hierdie geval wyk 5) te fasiliteer;
 - (iii) Die eiendomme in hul huidige formaat nie enige ekonomiese of ander voordeel vir die Munisipaliteit inhou nie, en slegs by konsolidasie met Erf 4373 bydraend sal wees tot die ekonomiese voordeel wat die huidige aanwending van Erf 4373 vir die betrokke gemeenskap inhou, wat baat uit werksgeleenthede op die eiendom;

8.7/...

- (d) Dat die transaksie onderhewig sal wees aan die volgende voorwaardes:
 - (i) Aangesien die eienaar van Erf 3743 ook potensieel in 'n gedeelte van die tersaaklike eiendomme belang mag stel vir konsolidasie met Erf 3743, daar eers skriftelike bevestiging onder hand van die eienaar van Erf 3743 bekom word dat lg. nie belangstel om eienaarskap te bekom nie, alvorens die transaksie geadverteer word vir potensiele beswaar en/of kommentaar; Verder, indien gemelde eienaar wel belang sou stel om 'n gedeelte te bekom, die transaksie heroorweeg sal word;
 - (ii) Die koper sal, benewens die koopprys, verantwoordelik wees vir alle aanvullende en toevallige kostes wat uit die transaksie mag voortspruit, ingesluit advertensiekostes, oordragkoste en die kostes wat verband hou die relevante grondgebruiksaanse (waaronder hersonering) asook kostes van konsolidasie en padsluiting;
 - (iii) Enige verbeterings op die tersaaklike eiendomme slegs mag geskied met toestemming van die Munisipaliteit en met inagneming van bestaande serwitute en dienste-installasies;
 - (iv) Eienaarskap van die grond nie die koper vrystel van enige verpligtinge teenoor ander owerhede, en dus nie enige regte van lg. of enige ander owerhede ontnem ten opsigte van die betrokke grondgedeeltes nie;
- (e) Dat die voorgenome transaksie in die media geadverteer word vir kommentaar en/of potensiele besware, en dat die uitvoerende burgemeester met volmag beklee word om in oorlegpleging met sy komitee te handel met enige besware wat ontvang sou word;
- (f) Dat alvorens die voorneme geadverteer word en onderhewig aan paragraaf (d)(i) hierbo, daar eers skriftelike bevestiging van die kopers bekom word dat hulle tot die voorwaardes soos vervat in hierdie verslag, instem;
- (g) Dat volmag verleen word aan die Direkteur: Korporatiewe Dienste om die verkoop-ooreenkoms te mag finaliseer en onderteken.

8.8 JAARLIKSE VERSLAGDOENING INSAKE DIE IMPLEMENTERING VAN DIE VOORSIENINGKANAALBESTUURSBELEID (8/1/B/2)

Regulasie 6(2)(a)(i) van die *Municipal Supply Chain Management Regulations* bepaal dat daar jaarliks 'n verslag aan die Raad voorgelê moet word aangaande die implementering van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid.

Die jaarverslag vir die periode 1 Julie 2021 tot 30 Junie 2022 is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl N Smit)

- (a) Dat kennis geneem word van die jaarverslag insake die implementering van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid gedurende die 2021/2022 finansiële jaar ingevolge artikel 6(2)(a)(i) van die Regulasies, asook die verslae van die Formele Tenders (Aanhangsel A), Informele Tenders (Aanhangsel B) en die Afwykingsverslag (Aanhangsel C);
- (b) Dat verder kennis geneem word van die dienste gelewer vir die tydperk 1 April 2022 tot 30 Junie 2022 met verwysing na die uitsonderings waar dit onprakties was om die mark te toets en dus 'n afwyking van die verkrygingsprosesse ingevolge paragraaf 2(6) van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid genoodsaak het (Aanhangsel D). Kennis moet geneem word dat betalings nog in die 2020/2021 finansiële jaar gefinaliseer moet word en sal enige verskille ten opsigte van Kwartaal 4 ingevolge wetgewing in die volgende kwartaalverslag vermeld word, onderhewig aan die transaksies/syfers wat die volledigheid van die finansiële state mag beïnvloed.

8.9 KWARTAALVERSLAG (ARTIKEL 52 VAN MFMA): APRIL TOT JUNIE 2021 (7/1/2/2-2)

Die voorlegging van die kwartaalverslag aan die Raad word voorgeskryf deur Artikel 52(d) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 (MFMA).

BESLUIT

(op voorstel van rdl E C O’Kennedy, gesekondeer deur rdl C Daniels)

Dat die raad kennis neem van die aangehegte kwartaalverslag, soos voorgeskryf deur Artikel 52 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 ten opsigte van die implementering van die begroting sowel as die prestasie teenoor die Topvlak Dienslewering en Begroting Implementeringsplan van die munisipaliteit vir die periode 1 April tot 30 Junie 2022 met inagneming dat sommige prestasie-aanwysers geaffekteer sal word as gevolg van die finalisering van jaareindprosesse.

8.10 VERSLAGDOENING T.O.V. ARTIKEL 15(3) VAN DIE WET OP MUNISIPALE EIENDOMSBELASTING INSAKE BELASTINGVRYSTELLINGS, -KORTING EN VERMINDERING EN “REVENUE FORGONE” VIR DIE 2021/2022 FINANSIËLE JAAR (5/3/1/3)

Ingevolge artikel 15(3) van Munisipale Eiendomsbelastingwet, 2004 (Wet 6 van 2004) is die Munisipale Bestuurder verplig om jaarliks verslag te doen aan die Raad rakende alle belasting- vrystellings, -afslag en -kortings wat in die vorige finansiële jaar toegestaan is.

Die verslag vir die periode 1 Julie 2020 tot 30 Junie 2022 is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

(op voorstel van rdh J H Cleophas, gesekondeer deur rdh T van Essen)

Dat kennis geneem word van die vrystellings van munisipale eiendomsbelasting aan openbare weldaadsorganisasies/nie-regeringsorganisasies, afslag, kortings toegestaan en inkomste afgestaan (*revenue forgone*) soos gestaaf in die verslag tot die sakelys en in Aanhangsels A tot C vir die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2022.

**GETEKEN:
SPEAKER**